# BEWEGING OP DIE GRONDSLAG VAN DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS.

Op 'n samespreking onlangs te Potchefstroom gehou, is besluit tot die stigting van 'n beweging op grondslag van die Gereformeerde belydenis. As doel word gestel die bestudering en verbreiding van die beginsels van die Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing vir die verskillende lewensterreine en meer in besonder die ondersteuning, finansieel en andersins, van beweginge en organisasies wat op dieselfde grondslag staan. Spesiaal is genoem die bevordering van laer-, middelbare-, en hoër onderwys op die grondslag van ons belydenis, met kragdadige ondersteuning van die inrigting wat reeds soveel jare sodanige onderwys verskaf, nl. die P.U. vir C.H.O.

'n Voorlopige bestuur is gekies om 'n konsepstatute en -program van aksie op te stel. Hierdie liggaam wil nou almal wat die Gereformeerde belydenis liefhet vriendelik uitnooi om die stigtingsvergadering by te woon wat D.V. gehou sal word op **Vrydag 20 Maart om 7.30 n.m. in die saal van die Teologiese Skool op Potchefstroom.** Dit is die aand net voor die gradeplegtigheid sodat u ook hierdie funksie kan bywoon.

Op die samespreking het geblyk dat daar groot entoesiasme is en 'n ernstige voorneme om hierdie saak met krag aan te pak. Laat ons dus van die samekoms 'n magtige daad maak.

Die voorlopige bestuur:

Prof. J. C. van Rooy, prof. D. J. van Rooy, prof. H. G. Stoker, dr. P. W. Vorster, dr. S. P. van der Walt, prof. S. du Toit, dr. J. H. Coetzee.